14. Die begin van die rigtertyd

Rigters 1 - 10

God is lankmoedig

Israel doen telkens wat verkeerd is in die oë van die Here. Die Here straf hulle, maar ná bekering verlos Hy hulle van hul vyande. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- God laat die sonde wat sy volk pleeg, nie ongestraf bly nie.
- As God se volk hulle tot Hom bekeer, is Hy hulle genadig.
- God red sy volk uit hul moeilike omstandighede.

Die rigtertyd

Israel woon nou in die beloofde land. Die Here is hul Koning. Terwyl Josua nog leef, dien Israel die Here. Ná sy dood en die dood van die mense wat die groot dade van die Here gesien het, word hulle ontrou aan die Here. Elkeen doen wat reg is in sy eie oë. Die Here en sy wette is nie meer vir hulle belangrik nie.

Die Israeliete het nie al die Kanaaniete uitgeroei soos die Here hulle beveel het nie, maar eerder saam met hulle gewoon. Die Kanaaniete is heidene wat allerlei afgode dien. Baie Israeliete het met Kanaanitiese vroue getrou en naderhand hulle heidense gebruike en selfs die heidense geloof begin aanhang. Die volk dien nie meer die Here alleen nie, maar oortree die wet van God wat hulle verbied om geen ander gode buiten Hom te dien nie.[108]

Die Here laat sy volk nie los nie, al is hulle ongehoorsaam. Hy straf hulle afgodery deur ander volke te stuur wat hulle verdruk. Wanneer die volk hul sonde besef en hulle tot die Here bekeer, stuur Hy 'n rigter wat hulle uit hul moeilike omstandighede verlos. Ongelukkig duur dit nie lank voor hulle weer vergeet dat die Here hulle verlos het en dan verval hulle weer in sonde. So gaan dit 450 jaar lank aan.[109] Ongehoorsaamheid van die volk, gevolg deur God se oordeel. Daarna volg 'n tydperk van berou en bekering, waarna die Here 'n rigter aanstel wat hulle verlos. Die volk raak egter gou weer afvallig van die Here.

---

108 Eks. 20: 3 Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.
109 Hand. 13: 20 En daarna omtrent vierhonderd-en-vyftig jaar lank het Hy rigters gegee tot op Samuel, die profeet.

Die woord “rigter” dui op ’n persoon wat reg verskaf waar daar onreg is. God gebruik die rigters as instrumente in sy hand om reg aan sy volk te gee deur hulle van hul vyande te verlos. Hulle moet telkens weer sy volk na Hom teruglei.

Otniël

Ná Josua en die oudstes se dood verval die Israeliete in sonde. Die Engel van die Here verskyn aan hulle by Bogim en wys hulle daarop dat die Here hulle beskerm en bewaar. Hy wys hulle ook op hul ongehoorsaamheid. Die volk voel aanvanklik bitter sleg oor hul sondes, maar bekeer hulle nie van hul verkeerde dade nie.

Die Israeliete het só in afgodediens verval dat God hulle straf. Kusan Risataim, koning van Mesopotamië, trek na Kanaan en val Kanaan binne. Sonder veel moeite verslaan hy die Israeliete, omdat God hulle nie in die oorlog help nie. Agt jaar lank onderdruk koning Kusan Risataim die Israeliete. Die volk verkeer in groot nood en roep tot God om hulp.

God luister na hul hulpgeroep en stuur Otniël om hulle te verlos. Hy is ’n broerskind van Kaleb en roep die volk op om teen koning Risataim in opstand te kom. Sommer gou slaag die volk daarin om die vreemde koning met sy leër uit die land te verdryf. Hierna breek ’n tydperk van vrede aan en dit gaan 40 jaar lank baie goed met Israel.

Ehud

Mettertyd begin die Israeliete al meer losbandig lewe. Eers dien hulle die heidense afgode in die geheim, maar later begin hulle sommer openlik die heidense seremonies bywoon. Só erg is hul afvalligheid dat God hulle weer tot orde moet roep. Die Here stuur koning Eglon van Moab om teen Israel oorlog te voer. Eglon verslaan die Israeliete maklik en gaan daarna in Jerigo woon. Dié stad is intussen weer opgebou, maar sonder die mure van vroeër. Agtien jaar lank moet die Israeliete belasting aan Eglon in Jerigo gaan betaal. Toe die las vir die Israeliete te swaar word, bekeer hulle hul tot God en smeek Hom om genade. God luister na hul hulpgeroep en stel Ehud, ’n Benjamiet, as rigter aan.

Hy kry die opdrag om die Benjaminiete se belasting aan die koning te gaan oorhandig. Omdat hy links is, dra hy sy swaard aan die regterkant van sy liggaam onder sy klere. Die koning se wagte kom nie agter dat hy gewapen

die paleis binnegaan nie, aangesien hulle net sy linkerkant deursoek. Nadat almal hul belasting aan die koning betaal het, vertrek hulle. Ehud bly egter onder 'n voorwendsel agter en toe hulle alleen is, steek hy die koning met sy swaard dood.

Daarna gaan hy na Efraim en blaas op die ramshoring om die volk vir oorlog op te roep. Hy is seker dat die Here hulle sal help om die Moabiete te verslaan. Van die Moabitiese soldate probeer vlug, maar Ehud stuur manne om die deurgange deur die Jordaan te beset sodat niemand van hulle kan vlug nie. Die Israeliete verslaan die Moabiete, waarna daar vir 80 jaar 'n tydperk van vrede volg.

Samgar

Ná die verhaal van Ehud lees ons in die Bybel van Samgar. Die Filistyne val Kanaan van die westekant af binne. So ver as wat hulle trek, rig hulle verwoesting aan en baie mense word gedood. Nadat die volk hulle voor God verootmoedig, stuur die Here Samgar om die volk te verlos. Hy neem 'n stok waarmee mens osse aanjaag en slaan meer as 600 Filistyne daarmee dood. Die ander Filistyne skrik so groot dat hulle na hul eie land terugvlug.

Samgar word gewoonlik nie as 'n rigter gereken nie, omdat die Bybel nie sê dat hy deur God as verlosser "verwek" is nie. Daar staan ook nie geskryf dat hy Israel gerig het nie, maar wel dat hy hulle verlos het.

Barak en Debora

Ná Ehud se dood begin die volk weer afgode dien. God straf hulle deur Jabin, die koning van Hasor, te stuur wat hulle onderdruk. Hy het 900 strydwaens wat onder aanvoering van Sisera 'n skrikbewind voer. Die vyande is baie wreed en nêrens is die Israeliete veilig nie.

Toe Israel hulle tot die Here bekeer, red Hy hulle deur die profetes Debora te stuur. Die Here beveel Debora om vir Barak te sê dat hy 'n leër van 10 000 man op die berg Karmel moet versamel. Die Here sal die leër van Sisera in sy hand gee. Barak is bang en sê dat hy alleen sal optrek om te veg as Debora saamgaan.

Toe Barak en sy manne in die vlakte kom, beskik die Here dit so dat daar 'n groot reën- en haelbui op die vlakte uitsak. Sisera se strydwaens sit vas in die modder en Barak verslaan hulle maklik. Sisera self vlug te voet en soek

skuiling in die tent van 'n vrou met die naam Jael. Terwyl hy slaap, slaan sy 'n tentpen deur sy kop, sodat hy sterf. Na die oorwinning sing Debora 'n oorwinningslied. Jahwe stry vir Israel, maar Israel moet vir Jahwe stry. Veertig jaar lank is daar nou weer vrede vir Israel.

Gideon se roeping

Toe Israel weer afgode begin dien, stuur die Here die Midianiete wat hulle sewe jaar lank onderdruk. Elke jaar met oestyd kom hul soldate en vat al die Israeliete se koring vir hulleself. Hulle roof ook die vee van die Israeliete.Toe die volk tot die Here bid om hulp, stuur Hy 'n profeet om hulle op hul sonde te wys. Daarna roep die Here Gideon om hulle te verlos.

Gideon is die seun van Joas, 'n man uit die stadjie Ofra in die gebied van Manasse. Op 'n sekere dag is Gideon besig om koring in 'n parskuip te dors. Hy dors die koring in 'n parskuip, omdat hy bang is dat die Midianiete sal kom en sy koring sal roof wanneer hy dit op die dorsvloer dors waar almal dit kan sien. Terwyl hy besig is, verskyn die Engel van die Here aan hom en groet hom met die woorde: "Die Here is met jou, dapper held!"

Gideon is eers verwonderd en vra aan die Engel van die Here hoekom Hy hom só groet. Die Engel antwoord dat die Here hom roep om sy volk te verlos. Gideon vra 'n teken as bewys dat dit waar is. Hy berei gou 'n ete vir die Engel voor wat hy op 'n plat klip neersit. Toe die Engel die kos met die punt van sy staf aanraak, slaan dit aan die brand sodat alles verteer word. Gideon bou toe op die plek 'n altaar en noem dit: "Die Here is vrede".

Gideon begin optree

Een nag gaan Gideon op bevel van die Here en gooi die altaar van Baäl om, wat aan sy pa behoort. Hy kap ook 'n heilige boomstam van Astarte, die godin van vrugbaarheid, in stukke. Daarna slag hy 'n bul en offer dit aan die Here. Toe die inwoners van Ofra dit die volgende môre sien, wil hulle Gideon doodmaak. Sy vader, Joas, wil hom egter nie aan hulle uitlewer nie. Hy sê aan hulle dat as Baäl 'n god is, hy vir homself moet veg.

Op bevel van die Here versamel Gideon vir hom 'n leër van 32 000 man om teen die Midianiete se leër van 135 000 man te veg. Hy vra weer 'n teken van die Here. Hy gooi 'n stukkie skaapvlies op die dorsvloer en vra dat die Here dit alleen op die stukkie wolvlies moet laat dou en nie op die grond rondom die velletjie nie. Dit gebeur presies soos hy gevra het. Om egter seker te

maak vra hy nog 'n teken. Die stukkie wolvlies moet nou droog bly en die grond weer nat wees van die dou. Die Here is baie geduldig met Gideon en laat dit so gebeur. Gideon is nou seker daarvan dat die Here Israel sal verlos.

Die Here wil Gideon egter eers toets of hy ten vólle op Hom vertrou. Eers moet hy al die mans wat skrikkerig is, terug huis toe stuur. Net 10 000 man bly oor. Daarna moet hy die mans water laat drink. Driehonderd mans skep die water op met hul hand, terwyl die ander op hul knieë kniel en soos 'n hond die water oplek. Net die 300 mans wat die water met hul hande opgeskep het, mag by Gideon bly. Die res stuur hy huis toe. Die Here wil aan sy volk wys dat dit Hy is wat hulle gaan verlos.

Gideon verslaan die Midianiete

Gideon vertrek met sy 300 man om die leër van die Midianiete aan te val. Dié aand sluip Gideon en sy wapendraer tot by die laer van die Midianiete. Daar hoor hy hoe een soldaat vir 'n ander een vertel dat hy gedroom het van 'n groot garsbrood wat die tent omrol. Die ander soldaat sê vir hom dit dui op Gideon wat hulle gaan verslaan.

Gideon is nou seker dat die Here met hom is. Hy verdeel die mans in drie groepe rondom die Midianiete se laer en gee aan hulle fakkels wat hulle in kruike moet sit. Toe hy die teken gee, begin al 300 mans tegelyk op ramshorings blaas en breek hul kruike. Die mans storm op die Midianiete af en skree: "Vir die Here en vir Gideon!" Die Midianiete dink dit is 'n groot leër wat op hulle afstorm en hulle raak paniekerig. In die donker begin hulle mekaar aanval en doodmaak. Die wat oorleef, vlug na die Jordaan waar die ander Israeliete hulle inhaal en verslaan. Toe die volk daarna vir Gideon vra om hul koning te word, weier hy want, sê hy, die Here is hul Koning.

Hy neem egter van elkeen van hulle 'n goue ring uit die buit en maak daarvan 'n goue skouerkleed. 'n Skouerkleed mag slegs deur 'n hoëpriester gedra word. Gideon sondig hierin. Gideon plaas dit in die stad Ofra. Later begin die Israeliete die kleed aanbid. Dit is natuurlik ook sonde in die oë van die Here omdat Hy die aanbidding van beelde uitdruklik in sy wet verbied.[110] Vir die volgende 40 jaar is daar vrede in Kanaan.

---

110 Eks. 20: 4 en 5 Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;

Gideon se seun Abimeleg

Gideon het baie seuns gehad. Een van hulle is Abimeleg. Sy ma is 'n Kanaanitiese vrou en omdat hy gedink het sowel die Israeliete as die Kanaaniete van hom hou, het hy hulle gevra om hom tot koning te kroon. 'n Bende help hom om 70 sy broers te vermoor. Net die jongste broer, Jotam, ontsnap. Hy waarsku die Israeliete teen Abimeleg en voorspel ook sy ondergang.

Abimeleg se regeringstydperk word gekenmerk deur baie onderlinge struwelinge en bloedvergieting. Hy het selfs 'n groep mense in 'n kelder laat verbrand. Kort daarna bestorm hy en sy manskappe 'n toring om dit in te neem. 'n Vrou gooi toe van bo-af 'n meulsteen op sy kop wat sy skedel vergruis. Abimeleg beveel sy wapendraer om hom dood te steek, aangesien dit 'n groot vernedering is om deur 'n vrou gedood te word. Later sou hierdie gebeure steeds deur die Israeliete onthou word.[111]

Tola en Jaïr

Ná Abimeleg se dood volg daar twee rigters waarvan ons nie veel in die Bybel lees nie. Tola het Israel 23 jaar lank gerig, waarna Jaïr 22 jaar lank as rigter optree. Ná sy dood het die volk weer gesondig deur afgode te dien.

111 2 Sam. 11: 21 Wie het Abimeleg, die seun van Jerubbéset, verslaan? Het nie 'n vrou bo van die muur af 'n boonste meulsteen op hom gegooi, sodat hy in Tebes gesterf het nie? Waarom het julle so naby die muur gekom? — dan moet jy sê: U dienaar Uría, die Hetiet, is ook dood!

Aanbevole leesstukke

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 317 - 334 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 150 - 169 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 209 - 225 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 324 - 342 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 2: Rigters - Hooglied. Pretoria: DBU. 7 - 14 p.